BAANBREKER-PROSEDURE VIR BORSTE

VET wat vir jóú WERK

deur LYDIA VAN DER MERWE *hooffoto* NEVILLE LOCKHART *stilering* DANNY TOÜA

Borsvergrotings bly gewild. En die toekoms daarvan kan dalk by jou eie vetjies lê. Vir vroue wie se borste ná kanker en bestraling ontsier is, bied dit nuwe hoop

Sy het onder die stort gestaan ná 'n strawwe korfbalwedstryd toe sy die knop onder haar arm voel.

Dit was kanker en het reeds na ander kliere in haar bors versprei.

Annette Venter van Saldanha gee nie sommer op nie, op en af van die korfbalbaan. Sy het immers haar groot droom, Springbokkleure in korfbal, eers vyf jaar gelede verwesenlik. Op 50, 'n ouderdom waar die meeste vroue lankal nie meer mededingend aan sport deelneem nie.

Die verlies van haar regterbors, die chemoterapie en bestraling was moeilik, ja. Dieselfde lyf wat so vlugvoetig op die korfbalbaan kan beweeg, het nou uit proporsie gevoel. Moet sy nie maar haar ander bors ook laat verwyder nie, het sy haar dokter gevra.

Toe besluit sy op rekonstruksie: Spiere is uit haar rug gesny en 'n nuwe bors daaruit opgebou. Maar dié bors was steeds baie kleiner as die natuurlike een.

In September verlede jaar was Annette aan die ontvangkant van 'n baanbreker-prosedure in kosmetiese en rekonstruktiewe chirurgie by die Tygerberg-hospitaal in Kaapstad.

Haar eie vet, wat met stamselle verryk is, is in haar nuwe bors ingespuit om dit weer goed te laat lyk. Dis ook in haar linkerbors ingespuit sodat die twee bymekaar pas. Annette is in die sewende hemel oor die resultate. "Dis my eie vlees, niks plastiek nie!" Sy is nou 'n borsmaat groter as vóór die kanker. "My kinders sê ek lyk weer soos 'n jong bokkie!"

Haar prosedure was soortgelyk aan die een wat die Hollywood-aktrise >

Annette se hare en grimering Lyndal Fitzgerald van Infidels **Skildery** Margi van Zyl



JY KRY 'N NUWE BORS. EN JY RAAK ONTSLAE VAN VET WAT JY NIE WIL HÊ NIE!

Suzanne Somers, aktrise

Suzanne Somers onlangs gehad het. 'n Kwaadaardige gewas is in 2001 uit haar bors gehaal. Net die knop is verwyder en nie haar hele bors nie. Sy was dus verstom toe twee derdes daarvan in die slag bly. En verheug oor dié nuwe prosedure (sien "Vet met meer woema" op bl. 68).

Soos wat kankerbehandelings verbeter, word 'n lumpektomie (net die gewas en omringende weefsel word verwyder en jou tepel en die borsvel bly behoue) toenemend verkies bó 'n volledige mastektomie (die hele bors word verwyder). Maar die rekonstruksie om die borskontoer te herstel is dikwels 'n uitdaging, soos Annette ervaar het.

Die nuwe metode is 'n groot verbetering. Vet word met liposuiging elders uit jou liggaam (jou boude, bobene of maag) verwyder en met stamselle verryk. Dit word dan met dun naalde in jou liggaam teruggespuit.

Die lewende stamselle verbeter die bloedtoevoer na die bors. Dit verminder die kans op inflammasie en dat die vetselle sterf. Jou bors lyk mooi natuurlik en voel sag. Dié prosedure word tans hoofsaaklik vir probleemgebiede ingespan, soos wanneer dit bestraal is, sê prof. Frank Graewe, hoof van plastiese en rekonstruktiewe snykunde aan die Universiteit Stellenbosch, wat die prosedure gedoen het.

"Die weefsel op plekke wat bestraal is, word dik en hard en kan selfs misvorm wees. Daar is ook gevalle waar wonde sukkel om te genees," sê hy.

Volgens prof. Graewe gaan vetverryking in die toekoms vir baie nuwe mediese prosedures ingespan word. "Vet is die volgende gonswoord. Nie net in plastiese chirurgie nie, maar ook op verskeie ander gebiede." Europese navorsers kyk tans na die gebruik daarvan om onder meer neurologiese afwykings en degeneratiewe siektes soos osteoartritis te behandel.

Dit word ook al hoe meer vir kosmetiese borsvergrotings gebruik, sê hy. (Veral ná die onlangse silikoonskandaal in Frankryk. Sien kassie regs.) Maar dis nog 'n lang pad vóór ons totsiens kan sê vir konvensionele silikoon-inplantings. Die borsvergroting met selverrykte vet is maar gering. Jy kan 'n matige vergroting met een sessie kry. Maar twee of meer sessies is nodig vir een borsmaat groter.

En dis duur!

'Natuurlik' is weer in

Hoewel borsvergroting steeds boaan die leer van gewilde kosmetiese operasies bly, is dit nie meer die spanspekkies à la Posh Spice nie. Die "natuurlike" voorkoms is in, sê Chris Viljoen, modedirekteur van SARIE. Kyk maar na die groot Hollywood-sterre soos Nicole Kidman en ons eie Charlize. Dit moenie lyk asof jy aan jou borste laat werk het nie. Te groot, te rond en te perfek is nie meer vandag se begeerde voorkoms nie.

Vroue wat die laaste twee jaar oor borsvergrotings navraag gedoen het, het meestal baie klein borste gehad en wil net "normaal" lyk, beaam dr. Nerina Wilkinson, plastiese chirurg van Kaapstad. En hoewel borsvergrotings steeds baie gewild is, glo sy daar was die laaste paar jaar wêreldwyd 'n effense afname daarin. Die statistieke wys 'n toename in nie-chirurgiese prosedures, soos Botox en vullers vir byvoorbeeld plooie. Dis goedkoper en weens die ekonomiese insinking tel mense hul sente.

'n Bors-inplanting (prostese) is 'n dop wat met soutwater of silikoon gevul is. Daar is verskillende vorms, teksture en groottes. Die vraag na die sogenaamde "traandruppel"- >

OM TE WEET

Herrie oor silikoon

- Minderwaardige bors-inplantings wat deur 'n Franse maatskappy, **Poly Implant Prothèse (PIP)** verkoop is, het onlangs 'n internasionale gesondheidsherrie veroorsaak. Die **skandaal** het einde verlede jaar op die lappe gekom toe die Franse regering sowat 30 000 vroue aangeraai het om hul PIP-inplantings te laat verwyder omdat dit makliker skeur as standaard-inplantings, het die dagblad *Beeld* in SA berig.
- **PIP was eens op twee na die grootste verkoper van bors-inplantings.**
- Daar is **geen bewyse van 'n verband tussen silikoon** (ook PIP s'n) **en borskanker nie**, beklemtoon dr. Schalk van Heerden, plastiese chirurg van Pretoria en ombudsman van die Vereniging vir Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurge in Suid-Afrika (APRSSA).
- Die vereniging het talle oproepe gekry van vroue met navrae oor die PIP-prosteses. Plaaslik het net enkele chirurge dié inplantings gebruik. Hoeveel is nie bekend nie. Sowat 1,7% van vroue se PIP-inplantings skeur. **Kontak jou plastiese chirurg om uit te vind watter soort inplantings jy het.**
- Volgens hom sal daar nie noodwendig simptome wees as jou prostese lek nie. Die **vorm van jou bors kan verander** en kleiner lyk of sagter voel. Dit kan ook aanleiding gee tot 'n **verharding** om die prostese. (Dit kan jou bors abnormaal hard laat voel, die vel laat rimpel en die vorm verander.)
- Indien die prostese **nie lek nie**, is daar **geen haas om dit te verwyder nie**, sê dr. Van Heerden. Laat jou borste gereeld deur 'n dokter ondersoek en gaan jaarliks vir 'n **sonar/mammogram**. As jy wel simptome het, kan 'n ultrasoniese skandering bevestig of die inplanting geskeur het.
- Maar as dit jou slapelose nagte gee, raak ontslae daarvan. Die **chirurg**, as hy/sy oorspronklik die borsvergroting gedoen het, sal dit **waarskynlik gratis** doen. Maar jy gaan self vir die narkotiseur en hospitaal moet opdok.